Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 22 no 10

Oktober 2013

Wonders van Wet en Getuienis 2

Engelse Kerk in Annlin 3

Vyfpunt gesprek 4

Vrou in die amp 5

Verkiesing van ampsdraers.....9

Samesprekings VGKSA en GKSA.....11

Belhar 14

Christelijke Dogmatiek 17

Die Moeder van ons almal

Ons is daaraan gewoond om in Oktobermaand stil te staan by die Hervorming. En dan dink ons veral daaraan hoe die Here die seun van ‘n mynwerker gebruik het om ‘n begin te maak met die reformasie van sy kerk. Hoe sy oë geopen is vir die bederf in die kerk. Deur noukeurige ondersoek van die Heilige Skrif. Maarten Luther: 31 Oktober 1517. En so het die kerk weer vrygekom van die eeue-oue dwaling om vas te hou aan, soos Paulus dit noem, die ou Jerusalem (Gal. 4). Kinders van die slawerny. Maar Jerusalem daarbo is vry, en dit is die moeder van ons almal. Hierdie vryheid mog Luther herontdek, daarin dat God se reddende geregtigheid aan die mens geskenk word, sonder verdienste. Deur die geloof alleen. Sy grootste bydrae was seker sy vertaling van die Bybel in die taal van sy volk. In 1522 verskyn die Nuwe Testament, in 1534 die hele Bybel in Duits.

Hierdie vryheid word maar elke keer weer aangetas. Die oplê van ‘n juk wat God nie beveel het nie: versinsels van die menslike verstand wat buite die Skrif om uitgedink is (Dordtse Leerreëls, Hfst 1). Daarvoor hoef ‘n mens nie Rooms te wees nie. In die spoor van Luther het veral Calvyn die Bybel nader aan die volk gebring: deur sy herstel van die erediens en uitgebreide kommentare. Deur die Woordverkondiging sentraal te plaas in die liturgie. Sang deur die hele gemeente. Dit is vryheid. Ons is maar altyd geneig om die beelde en altaar in die erediens te wil terugbring. Langs die Woord die boeke van die leke. Vashou aan die ou Jerusalem. Reeds tydens die Reformasie het hierdie stryd voortgewoed: teen die Libertyne, teen die Remonstrante. Maar, soos Luther gesing het : *Ein feste Burgh is unser Gott*. Of soos dit konkreet in Psalm 46 staan: *God is vir ons ‘n toevlug en sterkte*.

In hierdie stryd kan kerke mekaar help en ondersteun. In hierdie uitgawe lees u van ‘n heuglike gebeurtenis wat in Pretoria plaasgevind het. Op Maandag 9 September het vyf voorsitters en skribas van kerkrade van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (VGKSA) en die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) ‘n gesamentlike verklaring onderteken van samewerking en ondersteuning. Hierdie samewerking reflekteer ook van tyd tot tyd in die *Kompas*. Soli Deo Gloria!

Omdat die verkiesing van nuwe ampsdraers gewoonlik dié tyd van die jaar plaasvind, het ons aan ds Breytenbach gevra om ‘n bydrae te lewer. Ons neem met kommer kennis van ontwikkelings in Nederland. In dié verband is daar ‘n artikel en ‘n boekbespreking. Ons bede is dat hulle sal vasstaan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het (Gal. 5). Reformasie en belydenis gaan saam. In *In Pers-pektief* word die Belhar-belydenis onder die loep geneem.

Ten slotte kan ons net noem dat *Kompas* nie aan kopiereg onderhewig is nie. U kan met vrug gebruik maak van die inhoud. Moedig ander aan om in te teken. Die Stigting het dit goedgekeur dat hierdie uitgawe ter kennismaking in elektroniese vorm aan verskillende kerke versprei word.

Douwe Drijfhout *is lid van die VGK Pretoria*

Wonders van Wet en Getuienis

Psalm 119:17-24 Gimel

Uit die Woord

Ek is 'n vreemdeling op die aarde; verberg u gebooie nie vir my nie (1933/53-vertaling)
Hier op aarde is ek net op u beskerming aangewese: laat my tog nie sonder u gebooie wees nie (1983-vertaling)

Wat is 'n vreemdeling?
Is dit 'n toeris uit 'n ander land afkomstig? Of is dit 'n immigrant ook uit 'n ander land afkomstig, maar wat besig is om in te burger? Die vreemdeling uit vers 19 is onwelkom. Hierdie twee soorte vreemdelinge het één ding in gemeen. Hulle is welkom in die land wat hulle besoek of waarin hulle gaan woon.

Die vreemdeling uit vers 19 is onwelkom

Daar is egter ook nog 'n ander soort vreemdeling. Hulle is eintlik onwelkom, of miskien 'n oorlas. Hulle is byvoorbeeld vlugtelinge of insypelaars, of krygsgevangenes, of onwettige immigrante. Húlle is vergelykbaar met die vreemdelinge van vers 19.

Hierdie vreemdeling kan sy lewe glad nie vergelyk met of aanpas aan die gewoontes of wette van die land van sy vreemdelingskap nie. Sterker nog: Mense wat wil lewe volgens die wet en wil van die HERE, is op hierdie aarde 'n verskynsel wat weerstand opwek. Die aarde wat van GOD afvallig is, wil niks weet van mense wat met die wette en Woord van die HERE rekening wil hou nie.

Vreemdeling-wees op aarde gaan gepaard met smaad, veragting en verdukking, en hulle word gevloektes genoem.

Dìt is die sentrale tema van hierdie gedeelte van Psalm 119. Vreemdeling-wees op aarde gaan gepaard met smaad en veragting (vers 22). Hulle word verdruk deur die vermeteles en gevloektes genoem (vers 21).

Wat is deurlopend die opvallende tema in hierdie Psalm?
Steeds word as antwoord, of as teenaksie, aangevoer dat GOD se Woord en wet, getuienis of verordening die norm is. Dit funksioneer by alles wat gebeur, by alles wat gedoen of getuig word.

Natuurlik is vreemdelingskap moeilik. Dit vereis stryd. Dit vra om verset, of verdediging, maar teenoor die moeite van vreemdelingskap is daar steeds die gemeenskap met GOD. Ware gemeenskap met God is dieselfde as om te leef in ooreenstemming met die wil van GOD. In geloof mag 'n beroep op GOD gedoen word, soos dan ook in die verse 21 en 22 gebeur*: U dreig die vermeteles as gevloektes wat van u gebooie afdwaal. Wentel smaad en veragting van my af...*

Vers 23 gee 'n pragtige beeld van hoe so 'n stryd lyk: vorste wat sit en beraadslaag, en daarteenoor: die kneg van die HERE wat ondanks alles die insettinge van die HERE oordink.

Wat sal die uiteinde wees? Wie sal wen? Miskien tog die vreemdeling wat sy lewe grondves op GOD se wet en Woord? Vers 24 gee die antwoord: *Ja, u getuienisse is my verlustiging, my raadsmanne.*

Raadsmanne! 'n Pragtige teenstelling teenoor die vorste of vermeteles. Raadsmanne: ons mag sê: GOD is dié Raadsman vir die vreemdeling. Die vreemde land sal eendag verander in die nuwe hemel en die nuwe aarde – waarop geregtigheid sal woon!

Salig is hulle wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad (Openb. 22:14).

God se Woord is norm.

(Uit: Psalm 119: God se wet tot geloof en verlossing / Reinder Nauta. Stellenbosch: African Sun Media. Februarie 2008)

***Br Nauta**, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad*

’n Historiese erediens

Dis Saterdagmiddag 17 Augustus en ek woon ’n erediens by. Nee, dis nie ’n huweliksdiens nie. Hierdie diens is nog meer spesiaal: ek is in die Gereformeerde Kerk Annlin, maar die hele diens is in Engels. Dis ongebruiklik. Jy weet mos hoeveel waarde Afrikaners aan hulle taal heg.

Gereformeerde Kerk Annlin

In hierdie erediens word Brian de Vries bevestig as predikant van die nuwe Engelstalige Gereformeerde Kerk in Annlin. ‘Die enigste Engelstalige Gereformeerde Kerk in die Zambezi-korridor’, hoor ek. Hulle is nou ’n buurkerk van die Living Hope Church, wat die Vrye Gereformeerde Kerk in Chantelle plant. Wonderlik! Daar is nóg ’n Engelstalige Gereformeerde Kerk wat probeer om mense met die evangelie te bereik – en spesifiek met die leer van genade soos wat Gereformeerdes dit van die Here ontvang het. Ek is bly. Dit is ’n historiese dag.

Mense uit die omgewing het reeds eerder by die Gereformeerde Kerk Annlin aangeklop met die vraag of hulle nie Engelstalige dienste kan organiseer nie. Die kerk het positief daarop gereageer en daar is reeds ’n groep van ongeveer 20 mense wat die dienste bywoon. Nou het die tyd gekom om dit amptelik as ’n afsonderlike gemeente te plant en ’n predikant te beroep om aan die projek leiding te gee.

Brian de Vries is geen onbekende in die Vrye Gereformeerde Kerke nie. Hy is die prinsipaal van Mukhanyo Theological College, waar ons studente uit die sendinggemeentes opgelei word om predikant te word. Hy is ’n dinamiese en gereformeerde man met ’n geweldige werkkrag. Alreeds tydens sy studiejare het hy belangstelling ontwikkel in stadsending in Suid-Afrika. Daarna het hy ’n Ph.D.-studie gedoen oor ’n sendings-onderwerp. Daarna het hy na Suid-Afrika gekom en die Gereformeerde Kerk Rietvallei gehelp om Engelstalige dienste te begin. Dit is nou ’n gemeente-in-wording onder leiding van ds Arthur Miskin. Vervolgens het hy onder die leiding van die Gereformeerde Kerk Brooklyn die Engelstalige GKSA in Sunnyside begin (die naam is tans New Life City Church). En asof dit nog nie genoeg is dat hy twee gemeentes begin het nie, is hy nou aan die roer van die derde gemeente.

Brian de Vries

Die benadering van hierdie Gereformeerde Kerke in Pretoria is pragtig! Hulle wil hulle nie opsluit in hul eie taal en kultuur nie. Die Here het hul harte en oë oopgemaak vir die baie immigrante wat Suid-Afrika ingestroom het en wat nou in die stad bly. Jy kan hulle nie bereik met Afrikaanstalige dienste nie. So is daar nou reeds drie Engelstalige kerke, en ek het gerugte gehoor dat ander Gereformeerde Kerke ook Engelstalige dienste begin het (dit het net nog nie tot kerkplanting gelei nie).

Omdat hierdie nuwe kerke gebruik maak van die geboue van die Afrikaanstalige gemeentes, kan hulle vinnig wegspring. Daar is ook van die begin af die ondersteuning van ’n bestaande kerk. Wanneer ek dit vergelyk met Living Hope, sien ek die voordele. As sendeling ervaar ek dat die planting van ’n gemeente op my eie moeisaam verloop. Saam met ’n kerngroep en ondersteuning van naby hoef die sendeling nie alles alleen te doen nie.

Céleste uit Kongo, Christophe uit Burundi en Mary uit Zimbabwe kan nou ’n plek vind in ’n Bybelse kerk. Die gebruik van die Engelse taal verwyder die grense wat mense van verskillende kulture en tale van mekaar geskei het. Ons kan verwag dat nóg meer nuwe multikulturele kerke soos hierdie mag ontstaan. Laat ons daarvoor bid, sodat die menigte gelowiges uit alle nasies, volke en tale in die kerk verenig mag word.

As u iemand ken wat sou belangstel in Engelstalige Gereformeerde eredienste, kan u hulle verwys na die volgende webwerf: http://www.gkpretoria-annlin.co.za/english.htm

Ds Dirk Maurits Boersma *is één van die VGK-sendelinge en plant 'n multikulturele Engelstalige gemeente in Chantelle (Pretoria-Noord)*

Die vyfpunt-gespreksforum

Die kerkrade van die Gereformeerde Kerke Totiusdal, Oos-Moot, Die Kandelaar en die Vrye Gereformeerde Kerke Pretoria en Pretoria-Maranata het gedurende 2011 met gesamentlike gesprekke begin. Die doel van hierdie gesprekke is kortliks dat die samesprekings mag lei tot volle erkenning van mekaar in die eenheid van die geloof in Jesus Christus.

Die kerkrade stel dat daar 'n roeping en behoefte is tot samewerking en ondersteuning van mekaar. Dat hierdie vyf kerke voluit Gereformeerd en ware kerke van Christus is en dat daar eenheid is op basis van God se Woord en die belydenis van die kerk. Die kerke, Gereformeerde en Vrye Gereformeerde kerke, is in twee afsonderlike kerkverbande, wat beteken dat hulle nog steeds binne daardie verband 'n roeping en 'n taak het. Dit verhinder egter nie dat daar na eenheid gesoek moet word nie en dit mag nie in die pad staan van die eenheid wat daar in Christus is nie. Ons moet soek na maniere om hierdie eenheid gestalte te gee.

Die kerkrade besluit:

a. Dat samewerking tussen die vyf kerke optimaal benut moet word tot opbou van die geloof en gemeentelewe.
b. Al vyf kerke spreek die begeerte uit tot eenwording in een kerkverband en onderneem om alles te doen om tot kerklike eenheid te kom.
c. Die konkrete situasie en roeping van die onderskeie kerke in hul kerkverband sal van tyd tot tyd geëvalueer word.

Maandagaand, 9 September 2013, het die ondertekening plaasgevind van 'n gesamentlike verklaring wat die eerste stap is in die konkretisering van die besluit. Dit het die Here behaag om die werk van die gespreksgroep te seën, en ons is dankbaar dat ons nou die eerste stap op die pad na eenwording mag meemaak.

Frank van der Kooy *(namens Die Kandelaar-kommissie – vyfpunt-gesprek)*

Afskeid ds Matlaela

Op Sondag 15 September 2013 het ds Thabo Matlaela afskeid geneem van die FRC (Free Reformed Church) Soshanghuve North. Verskillende afgevaardigdes het die diens bygewoon. Op die foto is sendeling Pieter Boon, ouderling en skriba Tokelo Tamane, ds Matlaela en br Arnoud van den Bout (voorsitter van die Sendingkommissie). Ds Matlaela is in die plek van ds Boon as sendeling beroep. Ds Boon is beroep as predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.

Jeug-kerkraad-aand

Die jeug en die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria kom eenmaal per jaar bymekaar. Hierdie jaar is daar op 3 September 'n Bybelvasvra gehou. Die aanwesiges is in ses groepe ingedeel en die Jeugsentrale het 'n aantal vrae opgestel. Elke groep het ten minste twee kerkraadslede gehad

en hulle het saam die vrae so vinnig as moontlik beantwoord. Die doel van die aand was om die jeug en die kerkraad nader aan mekaar te bring en dit was 'n groot sukses. Die aand was baie gesellig en almal sien uit na die volgende jeug-kerkraad-aand.

Nico Snijder*, dooplid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

Kerke in rep en roer oor deputaterapport

Kerknuus – Nederland

Afgelope September het daar in die GKv in Nederland 'n deputate-rapport die lig gesien wat die kerke in rep en roer gebring het. In 'n onlangse uitgawe van die tydskrif *De Reformatie* (6 Sept 2013) is ook uitvoerig aandag aan hierdie verslag bestee. In onderstaande artikel bespreek ek kortliks die deputaterapport asook die spesiale tema-uitgawe van *De Reformatie.* As lid van die deputaatskap BBK (betrekkinge met buitelandse kerke) probeer 'n mens om op die hoogte te bly van ontwikkelings in die buiteland. Ek skryf hierdie artikel egter in persoonlike hoedanigheid. In die komende maande sal deputate BBK ongetwyfeld ook aan hierdie rapport aandag skenk.

In hierdie rapport word daar aan die sinode van ons Nederlandse susterkerke voorgestel om alle ampte (diaken, ouderling en predikant) oop te stel vir vroue. 'n Belangrike maatstaf is die feit of iets bevreemding by buitekerklikes oproep.

"Deputaten M/V: mannen en vrouwen in dienst van het evangelie"

In hierdie rapport word daar aan die sinode van ons Nederlandse susterkerke voorgestel om alle ampte (diaken, ouderling en predikant) oop te stel vir vroue. Daar word uitvoerig aandag bestee aan die druk wat die kerke vanuit die maatskappy ervaar. Daar word die vraag gevra hoe 'n mens die Skrif vandag moet lees. Die antwoord wat hierop gegee word, kom daarop neer dat ons die Bybel vandag anders (moet) lees as wat vorige generasies dit gedoen het. Die konteks oftewel maatskappy speel in die verslag 'n groot rol. Die feit of iets bevreemding by buitekerklikes oproep, funksioneer as 'n belangrike maatstaf. Soos een van die persone in *De Reformatie* skryf: "Ik kan het mijn *facebook*-vrienden en collega's in elk geval niet uitleggen" (p.529).

As Paulus kon aanpas by die toenmalige kultuur, hoekom sou 'n mens dit vandag nie weer kon doen nie?

Dit het natuurlik alles met hermeneutiek te make – die manier waarop die Bybel gelees word, oftewel die verklaringsmetodes wat gebruik word. Die feit dat die apostel Paulus (bv. in die brief aan Timotheüs) duidelik maak dat die besondere ampte nie deur vroue beklee mag word nie, word beskou as 'n aanpassing by die maatskaplike konteks van sy tyd. Die kultuur sou toe sterk manlik dominant gewees het. As Paulus kon aanpas by die toenmalige kultuur, hoekom sou'n mens dit vandag nie weer kon doen nie?

In die voorlaaste hoofstuk word daar gestel dat voor- en teenstanders van die vrou in die ampte met mekaar moet omgaan sonder om mekaar te veroordeel. Elkeen moet die waarde van verskeidenheid waardeer. Die rapport sluit af met 'n aantal konklusies, wat in besluitvorm aan die sinode voorgelê word:

- Die visie dat vroue ampsdraers mag wees is in die lig van die Skrif legitiem.
- Die feit dat vroue as ampsdraers funksioneer mag vir die GKv geen belemmering wees in die kerklike kontakte met die *Christelijk Gereformeerde Kerken* en *Nederlands Gereformeerde Kerken* nie.[1]

Evaluering

Wat vir my die meeste opval in hierdie rapport is dat die wiel opnuut uitgevind is. Daar is eintlik nie veel nuut nie. Dis nou as 'n mens kyk na al die rapporte en argumente wat ander denominasies in die verlede gebruik het om die ampte vir vroue oop te stel. Daar word dan ook nouliks aandag geskenk aan die kritiese evaluering van hierdie rapporte uit ander denominasies in die verlede. Daar is byvoorbeeld tereg aangetoon dat 'n mens nie eenvoudig van 'die' kultuur in die toenmalige Grieks-Romeinse wêreld kan praat nie. Dit was 'n lappieskombers van verskillende kulture, asook 'n veelvoud van kulturele en maatskaplike stromings. Dit is ook 'n onhoudbare aanname dat die vroeg-Christelike kerke aan wie Paulus geskryf het, in geneem dat volgens die Bybel vroue nie tot die besondere ampte toegelaat mag word nie.

[1] Net ter verduideliking: In die *Nederlands Gereformeerde Kerken* word vroue in alle ampte toegelaat. Die *Christelijk Gereformeerde Kerken* het in die verlede 'n sinodebesluit

hulle konteks geen bevreemding by ongelowiges sou opgeroep het nie. Sê Paulus nie self dat die evangelie vir die Griek 'n dwaasheid is nie? Dit is hierdie evangelie wat die einste Paulus, net soos die ander apostels, die Grieks-Romeinse wêreld ingedra het. Waarom word kulturele gelykheid dan vir vandag as so 'n swaar maatstaf hanteer? 'n Mens sien hier dat die behoefte om relevant te wil wees, ter ver deurgedraai het, sodat dit nou sinoniem aan wêreldgelyk-vormigheid geword het. Het Christene vandag nog die moed om anders te wees, omdat God dit van ons eis?



Wat opval is hoe die rapport die indruk wek dat daar geswig word voor maatskaplike druk. Die GKv moet nou ook volg in die ry van denominasies wat aan hierdie druk toegee. Die ander kant van dieselfde muntstuk is dat dit baie maklik word om die gevolgtrekking te maak dat die kerk van Christus vir soveel eeue teen vroue gediskrimineer het. Dat Christus dit self ook gedoen het toe Hy twaalf manlike apostels aangestel het... Die rapport stel dit beslis nie so nie, maar tog moet 'n mens binne die rapport se wyse van redenasie konkludeer dat

> Die rapport skenk nie aandag aan wat daar in die belydenisskrifte oor die onderwerp staan nie.

Paulus en Christus hulle by die toenmalige kultuur aangepas het, sodat hulle nie 'n aanstoot sou wees nie. Begin u die konsekwensies van hierdie soort redenasie 'n bietjie te verstaan? Wat bly oor van die feit dat die kerk 'n teenkultuur vorm in 'n wêreld wat van haar Skepper af weggedwaal het? Dit bring 'n heel ander teologie in die kerke in, wat haaks staan op hoe die belydenisskrifte byvoorbeeld die Skrifte uitlê.

En dit is waarskynlik die belangrikste kritiek op hierdie rapport. Daar word met 'n nuwe hermeneutiese bril na Bybeltekste gekyk, **sonder om na te gaan hoe die belydenis die Skrif naspreek**. Die rapport skenk nie aandag aan wat daar in die belydenisskrifte oor die onderwerp staan nie. 'n Mens dink byvoorbeeld aan die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* artikel 30, wat oor die kerklike ampte handel: "Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timotheüs daarvoor gee (1 Tim 3)." In hierdie hoofstuk word die pligte van opsieners en diakens uiteengesit, en daar word uitdruklik oor broeders gepraat. Die oorspronklike teks van die NGB (die amptelike Latynse teks) gebruik die woord 'manne', soos wat 'n mens dit byvoorbeeld in die Engelse vertaling terugvind: "when faithful men are chosen in agreement with the rule that the apostel Paul gave to Timothy" (sien die *Book of Praise*, p. 465). Dit is 'n onaanvaarbare leemte in 'n deputaterapport wat so 'n koerswysiging voorstel. 'n Groot deel van die rapport word opgeëis deur die feit hoe 'n mens deur die bril van die nuwe kulturele maatskaplike konteks die Bybel nou skielik heel anders lees as die kerk in die verlede. Maar hoe die belydenis die Skrif naspreek – daaraan word nie eens aandag geskenk nie.

> Wat bly oor van die feit dat die kerk 'n teenkultuur vorm in 'n wêreld wat van haar Skepper af weggedwaal het?

Hermeneutiek

Eintlik is hierdie deputaterapport net 'n simptoom van 'n dieperliggende saak: dit gaan oor die manier waarop die Bybel gelees word, oftewel die hermeneutiek. Hoewel elke eeu 'n eie hermeneutiese aanpak kan hê, is dit belangrik om na te gaan of die benadering binne die bandbreedte van die gereformeerde belydenis val, of dat die Bybel geïnterpreteer word soos dit self spreek. Dit is 'n basiese beginsel wat – hoewel onaantreklik in hierdie postmoderne tyd – tog moet bly staan, naamlik die feit dat die Skrif sy eie verklaarder is.

In hierdie deputaterapport vra 'n mens jouself af of die Skrif wel vir homself kan praat, of dat die stem van die kulturele konteks harder klink as die stem van die Skrif. Al word dit ontken, is ek bevrees dat dit die geval is. Trouens, dit word ook erken. Die Gees kan vir mense in nuwe tye nuwe insigte gee wat bo die teks van die Skrif uitstyg. Dit is belangrik om te besef dat hierdie selfde hermeneutiek ook as instrument gebruik (kan) word om homoseksualiteit te sanksioneer. In teenstelling tot die letterlike teks van die Bybel, sou die Gees dan in ons tyd nuwe insigte openbaar. 'n Mens dink dan aan die kerklike goedkeuring van homoseksuele omgang, die homo-huwelik, asook die oopstelling van die ampte vir persone wat homoseksueel aktief is. As die rapport die beroep op die skeppingsorde in die besluitvorming oor die vrou in die

> Die Skrif is sy eie verklaarder.

Dis hartseer dat, as ‘n mens opkom vir die Bybelse ampsvisie, jy die verwyt kry van diskriminasie teen vroue.

ampte buite werking stel, beloof dit nie veel goeds vir die diskussie oor homoseksualiteit nie. Met skeppingsorde word bedoel hoe God dinge geskape het, byvoorbeeld die mens as man en vrou en die onderlinge verhouding tussen hulle. Die apostel Paulus verwys na die skeppingsorde in 1 Timotheüs 2, spesifiek wat betref die verhouding tussen man en vrou. En die skeppingsorde wat betref seksualiteit is byvoorbeeld dat ’n man en ’n vrou so geskape is om seksueel by mekaar te pas, terwyl twee mense van dieselfde geslag – volgens die skeppingsorde – nie vir mekaar bedoel is nie.

Nou is daar mense wat nie hou van hierdie vergelyking nie: vrou in ampte – homoseksualiteit – selfs pedoseksualiteit. Tog is daar ’n verband in dié sin dat die onderliggende manier van omgaan met die Bybel ooreenstem. ’n Hermeneutiek word hanteer wat dit moontlik maak om hierdie dinge te ‘wettig’. Hierdie soort hermeneutiek kan beskryf word as ’n onderliggende kondisie wat aanleiding gee tot die verskillende simptome. Ter vergelyking: as iemand byvoorbeeld kla dat hy al hoe maerder word, kan die dokter nie net sê dat hy meer moet eet nie. Die dokter moet eers soek na die oorsaak. As hy sou uitvind dat die persoon se pankreas nie meer insulien produseer nie, sal hy die pasiënt waarsku: jy word nou maerder, maar ek voorspel dat jou organe ook gaan skade ly, jy kan selfs blind word, jy kan selfs jou voete verloor, ens. Tensy jy nou jou dieet aanpas en die regte medisyne gebruik. Nou is my vraag: mag ‘n mens dieselfde nie ook van ’n bekwame teoloog verwag nie? Naamlik dat hy simptome onderken en betyds waarsku teen wat nog kan volg? Liewers nou die waarheid as later die ernstige simptome. Die geskiedenis wys uit dat die kerke wat die een toegelaat het, binne afsienbare tyd ook tot die volgende gekom het. Dus inderdaad: vrou in ampte → homoseksuele huwelik → ... Wie die kerklike ontwikkeling in Nederland volg, weet dat dit nie vergesog is nie.

Wat hartseer is, is wanneer mense wat opkom vir die Bybelse ampsvisie daarvan verwyt word dat hulle diskrimineer teen vroue, of dat hulle blind is vir al die onreg wat reeds deur die eeue aan vroue aangedoen is, as synde die swakker geslag. Nog erger is as die Bybel self die verwyt kry dat dit patriargaal is in dié sin dat dit aanleiding daartoe gee dat vroue onderduk, teen gediskrimineer of gemarginaliseer word. Hierdie gedagtes hoor ‘n mens gereeld om jou heen oor die radio, op televisie, in tydskrifte, in teologiese publikasies. Tog is dit nie waar nie. Wanneer ‘n mens die Bybel vergelyk met heidense kulture, is dit baie opvallend hoe die Bybel opkom vir vroue se regte en die vrou se gelykwaardigheid aan die man. Deur die eeue het God se Woord ’n gesonde emansiperende werking op heidense kulture uitgeoefen. Ons sien dit hier in Afrika nog daagliks gebeur: mans mag nie hulle vroue slaan en domineer nie, al is hulle daartoe in staat omdat hulle die sterker geslag is. Vroue is nie net ’n wellus-objek nie. Vroue is nie net ’n statussimbool nie (dink aan poligamie). En so kan ‘n mens meer voorbeelde noem oor hoe vroue in heidense kulture behandel word.

Maar die sekulêre Europa (en dit geld ook vir ’n deel van Suid-Afrika) verkeer tans in ’n post-Christelike tydperk, waar op sig gesonde prosesse wat deur die Christelike geloof begin is, nou op hol geslaan het en tot die uiterste deurgedryf word. ‘n Mens kan dink aan dinge soos

- vroue-emansipasie wat die skeppingsorde ontken, naamlik dat God man en vrou sowel gelykwaardig as verskillend geskape het en hulle ook verskillende take gegee het;
- emansipering van homoseksuele praktyke: waar die Bybel sê dat dat daar genade vir elkeen is, gaan die postmoderne kultuur verder en verklaar dat ’n onnatuurlike seksuele omgang – iets wat teen die skeppingsorde ingaan – nou ook beskou moet word as ‘normale’ seksuele omgang.

Hoewel die betrokke deputaterapport nie ’n mening oor hierdie tendense uitspreek nie, is dit tog belangrik om te besef dat ’n hermeneutiese deur oopgemaak is wat wel toegang hiertoe verskaf. En soos reeds gesê, in ander denominasies is reeds behoorlik ‘vordering’ gemaak op hierdie dwaalweë.

Omgaan met verskille

Die rapport bestee ook ’n hoofstuk daaraan hoe om met verskille om te gaan. Die deputate hoop dat voor- en teenstanders mekaar ruimte kan gun. Daar kan gemeentes in die kerkverband wees wat die ampte vir vroue oopstel, terwyl ander dit nie doen nie. En hulle moet kan saamleef.

Dit is dalk maklik om dit te skryf, maar die praktyk is anders. Ondersoek laat sien wat daar in ander denominasies gebeur het. Inderdaad is daar ‘n periode van toleransie, maar dit is tydelik. Aanvanklik word mense wat besware teen die nuwe gang van sake het, getolereer. Maar na ’n tyd word dit al hoe moeiliker. Hoe kan ’n klassis of

sinode byvoorbeeld vergader met vroulike afgevaardigdes, as sommiges die afvaardiging nie erken nie? Hoe moet 'n predikant wat gewetensbesware het, funksioneer in 'n kerkraad met vroulike ampsdraers? Hoe moet 'n ouderling funksioneer in 'n gemeente met 'n vroulike predikant? Die praktyk wys eenvoudig dat wie die nuwe mening nie deel nie, op die ou end geen toegang tot die ampte meer het nie, òf weens sy eie gewetensbeswaar, òf omdat hy geweier word. Dit word òf die een òf die ander. Hierdie twee sienings is in die praktyk nie versoenbaar nie, selfs nie in ons postmoderne tye nie.

In die tema-uitgawe wat *De Reformatie* aan hierdie onderwerp gewy het, het hulle 'n aantal persone gevra om op die rapport van deputate m/v te reageer. **Daar kom egter niemand aan die woord wat wesenlike kritiek op die verslag uitspreek nie**. Selfs word geen woord gerep oor bylae 2 van die deputaterapport, waarin een van die deputate, Dick Slump, ingrypende kritiek op die rapport uitspreek en hom daarvan distansieer nie. En saam met hom sal daar baie in die GKv wees wat hierdie kritiek deel. Sê dit al iets oor die toekomstige vermoë om verskeidenheid aan visies in dieselfde kerkverband te kan akkommodeer? Om 'n persoon en sy publikasies te ignoreer, is dikwels die eerste stap van intoleransie.

Dit is duidelik dat die GKv in 2014 voor 'n belangrike kruispad te staan gaan kom. Laat ons nie vergeet om vir hulle voorbede te doen nie. Laat ons ook nie vergeet dat daar baie lidmate in die GKv is wat graag trou wil bly, maar wat toenemend ervaar dat hul kerklike gemeenskap teen 'n vinnige tempo wêreldgelykvormig raak, en wat hulself afvra hoe dit hulle geloof gaan affekteer, en hoe hulle hul kinders in so 'n klimaat moet opvoed. 'n Deputaterapport soos hierdie val natuurlik nie uit die lug uit nie. Dit weerspieël 'n tydsgees in die GKv (met die universiteit in Kampen dalk voorop). Dit sal 'n onverdiende genadewonder wees as die kerke volgende jaar op sinode hierdie voorstelle kan stuit. Kom ons bid vir ons broers en susters, dat hulle die moed sal kry om te bly staan vir God se Woord. En terselfdertyd moet ons onsself ondersoek: wie meen dat hy staan, moet toesien dat hy nie val nie. Ook hier in Suid-Afrika is die druk om wêreldgelykvormig te raak, groot. Dink aan maatskaplike tendense soos finansiële oneerlikheid, korrupsie, gebrek aan Sondagsheiliging, rassisme, die feit dat 'n lewe in ons land maar goedkoop is (aborsie, geweld, mense se bestuursgedrag op die paaie), verbrokkeling van gesinswaardes, maar ook hier by ons die sekulêre stokperdjies soos vroue-emansipasie en homo-emansipasie.

***Ds PG Boon**, sendeling van die Vrye Gereformeerde Kerke in Soshanguve*

Die rapport *"Deputaten M/V: mannen en vrouwen in dienst van het evangelie"* kan u op die volgende internetadres lees: http://www.gkv.nl/m-v-in-de-kerk/333/

Familieberigte

Indien u graag 'n familieberig wil plaas (geboortes, troues, herdenkings, ens) is u welkom om die Kompas administrasie te kontak by:

kompas.admin@vgk.org.za

Gaste woonstel – La Cotte Inn

Bellville omgewing, goed geleë
Slaapplek vir 2/3 persone
Rolstoelvriendelik
Alle geriewe, naby winkelsentrums, hoofpaaie en die Kaapse strande.

Kontak: Jan/Ina van Alten
Tel: 021 9191597
Sel: 073 2652440
E-Pos – magdalenava@mweb.co.za

Verkiesing van ampsdraers

Leer en Lewe

In Christus se regering van sy kerk gaan dit nie om uitnemende organisasie en optimale funksionaliteit nie. Dit gaan om die geloof in Christus wat van mense gebruik maak om sy hoofskap en vrede te bedien aan sy gemeente. Die Nederlandse Geloofbelydenis (NGB) het die verkiesing van ampsdraers opgeneem as ‘n saak van geloof (art. 31).

Die bevestigingsformuliere sluit hierby aan: “Is u in u hart oortuig dat God self u deur sy gemeente tot hierdie diens geroep het?”
Ons glo die roeping tot die amp is van God.

Maar God wil as die middel van die roeping die gemeente en die kerkraad gebruik. Die geroepene mag in die roeping van die gemeente die roeping van God bemerk. God laat Hom hierin deur sy gemeente bedien. Die geroepene is ‘n geskenk van die Heilige Gees aan die kerk van Christus. Die Heilige Gees maak die gelowiges betrokke, sodat hulle deur menslike oorlegpleging in die diens van God se roeping van ampsdraers staan. Kerkraad en gemeente word ingeskakel by die roeping tot ampsdiens, wat ‘n roeping van God is.

Kerkraad en gemeente word ingeskakel by die roeping tot ampsdiens, wat ‘n roeping van God is.

Die Skrif ken nie die ampstelling sonder die keuse van die gemeente nie.

Luther



Calvyn

Calvyn het beklemtoon: die mag van die kerk is die volmag om die Woord te bedien. Dit is geen demokratiese vergryp van die volk wat moet inspraak kry en saam beslis nie. Nee, dit is ‘n saak van geloof in die heerskappy van Christus oor sy gemeente. Christokrasie. Christus regeer. Ons glo en bely dat Christus deur sy Gees in die gemeente woon en dat die dink en bid van die gemeente deur Christus ingeskakel word in sy regering oor sy volk.

Reformasie

Dit het in die reformasie van die sestiende eeu na vore gekom. NGB art. 31 is ‘n belydenis teenoor die praktyk van die Rooms Katolieke Kerk. Daar sorg die geestelike stand (ampte) vir hulle eie voortsetting. Die geestelikheid is ‘n stand met eie mag: die mag om die sakrament te bedien en die amp te kontinueer. Die plaaslike gemeente was uitgelewer aan die grille van die hoër geestelikheid wat gesag gevoer het oor die gemeente. Aanstelling van ampsdraers was ‘n saak van die geestelike hiërargie en heelbo die pous.

Ons glo en bely dat Christus deur sy Gees in die gemeente woon en dat die dink en bid van die gemeente deur Christus ingeskakel word in sy regering oor sy volk.

Luther het reeds in 1523 daarop gewys dat die sleutelmag van Christus deur Hom aan sy gemeente geskenk is. Die gemeente het die Woord. Daar is geen ander mag in die kerk nie. Die gemeente het die mag om die leer te toets, hulle teen valse leraars te verset en om goeie predikers aan te stel. Die gemeente is nie van die biskop afhanklik nie, maar kan vir haarself sorg.

Bucer het benadruk dat in die gemeente ons die oog moet hou op Christus vir die gawes wat Hy aan die gemeente en in die gemeente skenk. Die gawes moet raakgesien en herken word, sodat mense hulle so aan Christus kan onderwerp wat deur die gawes tot sy gemeente kom. Om tot die amp geroep te word, hou in dat iemand geroep word om die gawes wat hy van Christus ontvang, te benut vir die opbou van die gemeente in reëlmatige diensbaarheid. Verkiesing tot die amp is vir Bucer saak van ondersoek, herkenning en navolging. Dit is navolging van Christus wat aan die een broeder die en aan ‘n ander broeder daardie gawe skenk.

Bucer

Afwykende beskouings

Die NGB art. 31 se orde is ook teen die leer van die Wederdopers uit die sestiende eeu gerig. Hulle gaan uit van 'n *inwendige* roeping. Indien iemand deur God in die hart geroep is om die kerk as profeet te dien, dan was hy daarmee geroep. Dan mag hy hom ook so aan die gemeente opdring en gehoorsaamheid aan sy woorde vra. Kenmerk van die roeping in die reformatoriese kerk was dat die amp deur die gemeente self geroep word. Die inwendige word nie van die uitwendige geïsoleer nie.

Teen die latere Lutheranisme het die gereformeerde kerke ook die formulering van die belydenis benut om die selfstandigheid van die kerk in haar beroepingswerk te verdedig teen die owerheid wat wou inmeng.

Verskillende moontlikhede

Hierdie beginsel laat verskillende praktiese reëlings toe wat verantwoord kan word.
Daar is die ***enkelvoudige voordrag*** aan die gemeente – die gemeente het reg tot aanvaarding of afwysing.
Daar is die ***vrye verkiesing*** – die gemeente kies 'n aantal broers en stel hulle voor aan die kerkraad.
Daar is 'n ***tussenweg*** – die gemeente word vantevore deur die kerkraad geraadpleeg en kies in later stadium uit 'n dubbele aantal wat deur die kerkraad vasgestel is en waarop die gemeente ook uiteindelik reg van approbasie het.
Altyd is die *reg van die gemeente* die agtergrond.

Die gemeente is in die goeie sorg van Christus, ook in die skenk van ampsdraers.

Motivering

Wat gebeur wanneer die gemeente kies? Die uitgangspunt is die regering van Christus oor sy gemeente. Die gemeente is in die goeie sorg van Christus, ook in die skenk van ampsdraers.

In die gemeente mag niemand oor 'n ander heers nie. Maar in die gemeente van Christus mag mense wel *sorg dra* vir die gemeente. Dit is die plig van elke gemeentelid. Sommige loop selfs voor in die goeie sorg vir die gemeente (1 Tim 5:17).

Christus gee as duidelike blyk van sy regering aan sy gemeente ampsdraers (Ef. 4). Die gemeente is in die goeie sorg van Christus, ook daarin dat Hy ampsdraers skenk. Hy doen dit deur middel van die handeling van sy gemeente. Van die

Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar. (1Tess. 5)

gesamentlike handeling van gemeente en kerkraad in die saamstem van gemeente en kerkraad en van die gemeentelede onderling word die *bedoeling van Christus* duidelik. Want in die gemeente woon Christus deur sy Heilige Gees.

Uitvoering

Agtereenvolgens konsulteer die kerkraad die gemeente (die gemeente het geleentheid om name voor te stel), stel 'n groslys op, stel daaruit 'n tweetal vas, laat die gemeente uit die tweetal kies en verkies dan die deur die gemeente verkosene, die gemeente word dan gevra om dit te aanvaar en die voorneme tot bevestiging goed te keur. So word gekom tot algehele eenstemmigheid. Ook die gemeentelede wat vir 'n ander broer gestem het, staan nou agter die bevestiging van die broer wat deur die meerderheid gekies is en daarna deur die kerkraad verkies is.

Hier geld nie die beginsel van die helfte plus een nie, maar *groeiende eenstemmigheid*. So kom dit tot een naam. Kerkraad en gemeente het saam daartoe gewerk.

Dit staan in lyn met die apostoliese vermanings. Ons lees in 1Korinthiërs 16:15-18: "En ek versoek julle, broeders—julle weet dat die huisgesin van Stéfanas die eersteling van Acháje is en dat hulle hul tot diens van die heiliges gestel het — dat julle ook onderworpe moet wees aan sulke mense en aan elkeen wat saamwerk en arbei. En ek verbly my oor die aankoms van Stéfanas en Fortunátus en Acháïcus, omdat hulle my gemis aan julle vergoed het. Want hulle het my gees verkwik en julle s'n ook. Erken sulke manne dan." In 1Thessalonicense 5:12, 13 skryf Paulus: "Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar."

Dit gebeur deur oorleg, gebed en onderskikking van die minderheid aan die meerderheid van die gemeente en so aan Christus. Die beleid van Christus openbaar op hierdie wyse wie God,

kenner van die harte, uitgekies het om hierdie diens op te neem. So lees ons in Handelinge 1:24, 25: "En hulle het gebid en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek."

Die regering van die kerk berus geheel en al by God en Christus. Maar die gemeente mag saam met die kerkraad die wil van God aan die lig laat kom in die biddende, afwagtende, verenigde uitvoering van die verkiesing.

*Na aanleiding van C Trimp se artikel in **Zorgen voor de gemeente**, 22-29.*

Ds Hannes Breytenbach, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Bethal

Vyfpunt-samesprekings VGKSA en GKSA

Geskiedenis en Kerkgeskiedenis

In Pretoria is daar vyf gemeentes wat begin het met samesprekings "om met mekaar (as kommissies, kerkrade en gemeentes) in verbinding te tree, en sodoende mekaar beter te leer ken;" Hierdie gemeentes is die Gereformeerde gemeentes: Totiusdal, Oos-Moot en Die Kandelaar asook twee Vrye Gereformeerde gemeentes: Pretoria en Pretoria-Maranata.

In hierdie skrywe wil ek kortliks probeer duidelik maak teen watter agtergrond die twee kerkverbande na die samesprekings gaan. Ons moet mekaar probeer verstaan. Die pad wat elkeen tot vandag gestap het. Ons moet ook onsself verstaan. Elkeen dra sy eie bagasie saam. Wie die verlede vergeet, verbrand sy vingers.

Die GKSA

In 1859 ontstaan die sg. 'Dopperkerk' (GKSA). Het dit gegaan oor die sing van gesange? Totius skryf (*Versamelde Werke*, 3de deel, bl. 388): "*Een broeder vra: Het die lede van ons kerk al vergeet waarom ons Doppers die Gereformeerde Kerk gestig het? Hy wil te kenne gee dat die gesange eintlik die oorsaak van die afskeiding was. As dit so is (wat gelukkig nie die geval is nie), dan ….* " Dit het dus oor baie meer as net die gesange gegaan. Maar vir die lidmate was die gesange soos 'n 'vaandel', 'n kort eenvoudige rede waarom ons 'n ander kerk is. Prof A.D. du Pont skryf in sy boek *Kerkgeskiedenis*, bl. 270 en verder, dat die afskeiding van die 'Dopperkerk' nie regverdigbaar was nie, omdat gesange 'n mindere saak is. Sien ook bl. 170 van die boek van dr JW Meijer: *Tussen Hamer en Aambeeld*, deel 4: "Die GKSA het in 1869 uitgespreek dat hulle in 1859 uit die '**bedorwe kerkgenootskap wat geblyk het die valse kerk te wees'**, getree het."

Die Boere-oorloë

'n Baie belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van ons land was die Boere-oorloë. Alhoewel verslaan, het die boere opgestaan. *Eendrag maak mag* was die leuse. Die 'Afrikaner' moet saamstaan teen die imperialisme. Die Afrikaner se identiteit as volk groei. 'n Nasionale gevoel van eenheid ontstaan. Op bl. 226 skryf dr Meijer in *Tussen Hamer en Aambeeld*: "… die herlewende nasionalisme wat met die herdenking van die Groot Trek gepaard gegaan het, het 'n invloed gehad op die onderlinge verhouding van die drie Afrikaanse kerke." En op bl. 227: "…. daar word besluit op die vorming van 'n Interkerklike Kommissie, later genoem die Tussenkerklike Kommissie (TKK)."

In 1948 wen die Nasionale Party die verkiesing. Vir meer inligting, sien bl. 221 van die boek van dr JW Meijer: *Tussen Hamer en Aambeeld*, deel 4. Teen hierdie tyd, ongeveer 100 jaar na sy ontstaan, eis die tol van 'saamstaan' sy slagoffers in die Dopperkerk (GKSA). Susterkerke noem ons nou mekaar. Oor en weer trouery, oorgaan van

een kerkverband na die ander sonder enige moeite. Die meeste Doppers het hulle wortels vergeet. 'n Kerklike relativisme het ontstaan.

Die Vrymaking

Dr Meijer skryf verder: "Van die 'vrygemaakt gereformeerdes' kom na 1945 ook na Suid-Afrika. Hulle het sowel 'n wêreldoorlog as 'n kerkstryd agter die rug. Baie van hulle het aktief in die verset teen die nasionaal-sosialisme saamgewerk en net so aktief die kerkstryd gevoer.

In Suid-Afrika was die situasie totaal anders. Hier vind hulle drie Afrikaanse kerke wat as susterkerke saamwerk. In die proses het die GKSA selfs sy eie akte van afskeiding as historiese dokument op die rak geplaas. Die GKSA neem die verklaring van 1869 nie terug nie, maar verklaar wel dat dit tans geen verhindering meer is om mekaar as kerke van Christus te erken nie.

'n Dergelike houding was vir die vrygemaakte immigrante volslae vreemd en onaanvaarbaar.

En daar was meer. Die GKSA het geweier om sy plig as korresponderende kerk na te kom en die Vrymaking te beoordeel. Die Vrymaking is gekwalifiseer as 'n Nederlandse kerklike (of professorale) twis wat van geen belang vir Suid-Afrika was nie. Die Vrygemaakte lidmate was van harte welkom in die GKSA, maar oor die Vrymaking in Nederland en wat daartoe gelei het, kon nie gepraat word nie. Korrespondensie is met die sinodale kerke voortgesit. Vrygemaaktes was welkom, maar dan moes hulle, so het hulle dit aangevoel, inval by die Kuyperiaanse tradisie wat die GKSA volg: susterkerke, veronderstelde wedergeboorte, alles nie as offisiële belydenisse nie, maar wel algemeen aanvaar en iets wat nie ter diskussie staan nie.

Daar was dus belangrike sake aan die orde. Sake wat die kerninhoud van die evangelie geraak het. Sake wat ook direk in verband staan met die gereformeerde tradisie en vorm van kerkregering.

En daar was ook 'n geweldige verskil in verwysingsraamwerk. Die vrygemaakte immigrante het 'n agtergrond van stryd geken. In die stryd is uitgesproke standpunte ingeneem en daarin is radikaal gedink en opgetree. 'n Saak was reg of verkeerd, tussen die twee is daar geen middeweg nie.

In Suid-Afrika is die verwysingsraamwerk juis versoening. Geen aandag vir verdelende standpunte nie, maar vir elemente wat verenig. Die hoop was op die toekoms gerig, op 'n leidende rol van die Afrikaners, en daaraan moes die kragte gewy word. En daarin moes die samewerkende kerke die plek van volkskerk vervul.

> Vir die vrygemaakte immigrant was 'n saak reg of verkeerd. In Suid-Afrika is die verwysingsraamwerk juis versoening.

Hierdie pad was vir die vrygemaakte immigrante onmoontlik om te gaan sonder om hul eie agtergrond te verloën. Daarom volg in Oktober 1950 die instituering van die VGKSA."

In *Tussen Hamer en Aambeeld*, bl. 238, lees ons ook: "Hierdie ontnugtering het ook die oë geopen vir ander probleme. Dit het duidelik geword dat binne die gemeentes van die GKSA veel minder aandag gegee is aan die algemene ampsdiens van alle lidmate as in Nederland. Elkeen binne die gemeente het 'n taak en roeping, nie slegs die besondere ampsdraers nie. Die tydperk van die laat veertigerjare het in Suid-Afrika veel meer aandag gevra vir die saak van die volk as vir die saak van die kerk."

Het die stigting van die VGKSA dan net gegaan oor die Vrymaking? Nee, dit was net soos met die gesange in 1859 'n 'handvatsel'. Dit was maklik om op skrif te verwoord en die 'vaandel' wat almal kon sien en verstaan. In werklikheid het dit gegaan oor die wese van kerkwees. Die relativisme in die GKSA was 'n groot bydraende faktor.

'n Nuwe era vir die Dopperkerk?

In 1976 verbreek die GKSA sy bande met die Gereformeerde Kerk sinodaal in Nederland. Was daarmee die probleem uit die weg geruim? Nee. Die relativisme in die GKSA was steeds daar. Dit is bv. bevestig deur die aangaan van bande met die Nederlands Gereformeerde Kerke wat hulle van die Gereformeerde Kerke in Nederland (vrijgemaakt) afgeskei het. Laasgenoemde kerke aanvaar nou bv. reeds geruime tyd die vrou in die amp, terwyl die GKSA sy bande met hulle handhaaf. Ook is verswakking in tug en vervlakking in die lewe van baie GKSA-lidmate waargeneem. In die GKSA se kerklike pers het bekommernis daaroor ook na vore gekom.

Vir sommige het dit gevoel asof die VGKSA die doelpale verskuif het. Vir die VGKSA het dit egter

in wese steeds gegaan oor kerkwees. Daarmee ontken ons nie dat in swakheid daar wel verskillende benaderings van VGKSA-deputate t.o.v. die samesprekings was nie.

'n Ander benadering

In die jare 1990 en later het daar 'n verandering in benadering van die VGKSA t.o.v. kontak met die GKSA plaasgevind. Nieteenstaande die bekommernis oor vervlakking en relativisme in die GKSA het die VGKSA tog gelowiges en gemeentes in die GKSA ontmoet waarmee hulle geestelik een is. Daar is toe besluit dat plaaslike gemeentes met mekaar kontak opneem.

Die eerste resultaat hiervan was die erkenning van mekaar as ware kerke tussen die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar (GKK) en die VGK Pretoria in 2005. Die basis waarop tot erkenning van mekaar gekom kon word, was die volgende:

Drie drie kenmerke van die ware kerk en die saamstem oor "kommerwekkende tendense in die GKSA". As voorbeelde word genoem:

- vrou in die amp
- Cloete-omdigting van die Psalms
- Skrifkritiek wat na die oppervlak kom

Latere VGKSA-sinodes noem:

- Skrifkritiek wat steeds meer na vore kom
- Toepassing van tug
- Die nie-antitetiese beoordeling van kerke met die aangaan van bande met nog kerke.

Desnieteenstaande skryf die sinode van 2000:

"Verdere gesprekke met die deputate van die GKSA is noodsaaklik. Die noodsaaklikheid lê daarin dat ons nie kan vergeet hoe die GKSA in ons land in liefde vir die Here se Woord gestry het. Ons kan dit nie vergeet nie. Ons soek in liefde die broederskap en eenheid met hulle. Ons liefde in Christus gaan na hulle uit, en daarom is die belemmering vir eenheid vir ons 'n groot hartseer."

En dit gaan nie net oor die verlede nie. Ook nou nog is daar GKSA-gemeentes wat stry vir die waarheid, waaronder o.a. die drie gemeentes wat deelneem aan die vyfpunt-samesprekings.

Vanweë omstandighede het daar 'n geruime tyd verby gegaan voordat daar verdere vordering was. Nou is ons by die punt waar die sg. Vyfpunt-gesprek aan die gang is en tot spesifieke aanbevelings aan die kerkrade gaan lei.

Hilko Lubbinge, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys
Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers
- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies
Kontak: Willie Spies of Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

PRINTBURO
Boeke Handleidings Fotoalbums
Briefhoofde Besigheidskaartjies
Pamflette Kalenders
Regsdrukwerk Tweedehandse Registerboeke
en nog vele meer ...
printburo@grafikus.co.za
012 335 9134
www.printburo.co.za

Belhar

In Pers-pektief

As ons “Belhar” lees, dan dink ons onwillekeurig aan ons sustergemeente, die Vrye Gereformeerde Kerk (VrGK) in Belhar op die Kaapse Vlakte. “Belhar” kan egter ook verwys na die *Belydenis van Belhar*, soos aanvaar deur die sinode van die destydse NG Sendingkerk, nou die Verenigende Gereformeerde Kerk (VeGK). Maar as ons daaroor nadink, kom in beide gevalle gedagtes op oor “die armes”. In die VrGKSA-kerkverband is die VrGK te Belhar ‘n “hulpbehoewende kerk”, waar ‘n hele aantal lidmate arm mense is (in materiële opsig), terwyl die *Belydenis van Belhar* stel dat God “op ’n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is” (Art 4). Sedert sy ontstaan is daar heelwat besprekings gevoer oor die Belhar-belydenis (BB), die laaste jare veral ook in die (blanke) NG Kerk, wat besonderlik fokus op Artikel 4 van die BB.

Ds Tim Keller, predikant van die Redeemer Presbyterian Church in New York, het in 2010 ’n boek geskryf met die titel “Generous justice” (ruimhartige geregtigheid). In die boek bespreek hy die verband wat daar, volgens hom, moet wees tussen evangelieverkondiging en die sorg vir armes en hulpbehoewendes sowel in die kerk as in die samelewing. Dit is ’n goeie boek, wat die saak vanuit ’n gereformeerde agtergrond en praktyk benader. Dit sal nuttig wees om verder oor hierdie sake te besin, omdat dit ook vir ons kerkverband van belang (relevant) is. Lees gerus die boek.



Belhar-diskussies

Binne die NG Kerk-familie is daar die laaste jare intensiewe diskussies gevoer oor die *Belydenis van Belhar*. Hierdie belydenis is opgestel in opdrag van die 1982-sinode van die destydse NG Sendingkerk en in 1986 deur hulle aanvaar as belydenisskrif. Die sinodes van die NG Sendingkerk word gehou in Belhar, vandaar die naam. Toe die NG Sendingkerk in1994 met twee ander kerke saamsmelt tot die Verenigende Gereformeerde Kerk (VeGK), is die Belhar-belydenis (BB) ook deur die nuwe kerkverband oorgeneem as belydenisskrif.

Die NG Kerk is die laaste jare in samespreking met die VeGK oor kerkeenheid binne die NGK-familie (die NGK, die VeGK en die “swart” NGK in Afrika, wat in 1994 nie saamgegaan het met die VeGK nie). Die VeGK het as eis gestel dat die NGK die BB ook erken en aanvaar as hulle belydenisskrif. Aanvanklik het die NGK moeite gehad om dit te aanvaar. Hulle probleem was die klem van die BB op God as “op ’n besondere wyse die God van die armes”. Hulle het dit gesien as die produk van denke in die lyn van die “bevrydingsteologie” en het die BB beskou as ’n reaksie-dokument teen die apartheid van dié tyd. Dit is mos nou iets van die verlede.

As gevolg van verdere besprekings en besinning oor die Bybelse onderbou van die BB is die leiding van die NG Kerk nou meer oortuig daarvan dat die BB die Bybel reg vertolk. Omdat hulle graag eenheid met die VeGK wil hê, sonder om moeilikheid binne die NG Kerk te kry, is hulle kompromis standpunt op die oomblik dat die BB net aanvaar word as belydenisskrif vir toekomstige lidmate en dat huidige lidmate dit nie noodwendig hoef te onderskryf nie. Mense het vroeër gepraat van “die kool en die geit spaar”...

Artikel 4 van die Belhar-belydenis

Die grootste deel van die BB kan as aanhaling uit die Skrif herken word. Artikel 1 gaan oor die geloof in die Drie-enige God, Artikel 2 oor die eenheid in die kerk, Artikel 3 oor die versoening in kerk en samelewing, Artikel 4 gaan oor geregtigheid en vrede in die samelewing en hoe die kerk dit moet uitleef, en Artikel 5 gaan daaroor dat die kerk standpunt moet inneem teen onreg. Die moeites wat mense met die BB het, gaan deurgaans oor die bewoording van Artikel 4. Vir ’n goeie verstaan daarvan haal ons die volledige Artikel 4 aan.

Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek; dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel. Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

In die toeligting by hierdie artikel word nog gevoeg: *Waar mense dus swaarkry of arm is weens onreg in sisteme en die samelewing, is God vir hulle op 'n besondere manier daar. God staan nie by armes oor hul armoede of omdat Hy in 'n klassestryd op 'n besondere manier die God van die werkersklas is nie. Omdat daar in God geen onreg is nie, staan Hy in 'n situasie van onreg by mense wat ly weens hierdie onreg.*

Die kerk het 'n roeping om gelowiges te help in hulle nood en nie noodwendig al die armes in die land nie.

Na my mening sou duidelik gestel moet word dat dit hier nie gaan oor die noodlydendes en armes in die samelewing in die algemeen nie, maar oor gelowiges in die kerk wat noodlydend en behoeftig is. Wanneer daar sulke uitsprake is in die Bybel en besonderlik in die Ou Testament oor hierdie mense (wese, weduwees en vreemdelinge / immigrante), dan betref dit sy verbondskinders uit die volk Israel. En in baie gevalle was die verdrukkers ook verbondskinders. Armoede, verdrukking en onreg in die volke rondom Israel, wat daar ten minste net so baie as in Israel was, word baie min regstreeks in die Bybel aangespreek. Die kerk het 'n roeping om besonderlik gelowiges te help in hulle nood en nie noodwendig al die armes in die land nie.

Die diskussie in die kerk moet ook gaan oor die *onreg* wat nood, armoede en verdrukking veroorsaak. Want dit is wel 'n opdrag van God dat alle owerhede reg en geregtigheid toepas en verdrukking beteuel en die kerk moet hulle daarop wys. Maar dit is nie die taak van die kerk om dit reg te stel of dit daadwerklik teen te gaan nie. Die BB sê eintlik dat die laaste wel die taak van die kerk is: *dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid*. En oor hierdie taak al dan nie van die kerk moet daar duidelikheid kom binne die NGK-familie.

Keller

Ds Tim Keller het in 1989 die *Redeemer Presbyterian Church* in Manhattan, New York, begin. Daar is nou, omgeveer 20 jaar later, meer as 5 000 reëlmatige kerkgangers. Die Here het sy dinamiese werk as herder en leraar baie geseën. In sy boek "Generous justice" wys hy daarop dat die gelowiges in die Bybel herhaaldelik opgeroep word om reg te doen en geregtigheid toe te pas (o.a. in Miga 6:8, Sagaria 7:10,11 en Jeremia 22:3). Daar was wette in Israel wat die arme beskerm het, soos koringare optel op die lande tydens die oes (Rut), die sabbatsjaar se kwytskeldings en die jubeljaar se herstellings. Paulus gebruik die voorbeeld van die manna in die woestyn om die Christene in Korinte op te roep om mildelik te gee vir die arm medegelowiges in Jerusalem.

Keller haal Blomberg aan wat stel dat die Ou Testamentiese wette heel uniek was en dat dit nie inpas in een van die vroeëre of huidige ekonomiese stelsels (feudalisme, demokratiese kapitalisme of staats-sosialisme) nie. Die wetgewing in Israel was bedoel om strukturele armoede te voorkom of op te hef, wat ook al die oorsaak daarvan was.

Die Here Jesus is by uitstek die Persoon wat omgegee het vir die siekes, armes en behoeftiges: Hy het hulle genees, gevoed en getroos. Hy het die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel om te verduidelik wie ons naaste is en hoe ons moet optree in nood. In sy afskeidsrede vir sy dissipels, soos weergegee in Mattheüs 25:31-46, vertel Jesus oor die regspraak op die Jongste Dag. Daar sal die oordeel uitgespreek word ("die bokke van die skape geskei word") op basis van die sorg

wat sy volgelinge gegee het aan die behoeftiges en armes ("die geringstes van hierdie broeders").

Hierdie gedrag self was nie "saligmakende" dade nie, maar simptome van 'n praktiese Christelike lewe. Jakobus verwys waarskynlik in sy brief na hierdie verhaal van Jesus oor die regspraak op die Jongste Dag (Jak. 2:13), waar Jakobus die praktyk (die "werke") van die geloof beklemtoon (Jak. 1:29-2:26). Die ernstige vermaning wat hy rig tot die rykes, wat die loon van hulle werkers ingehou het (Jak. 5:1-6), ontleen hy waarskynlik aan die profete Amos, Jesaja en Jeremia.

Perspektief op armoede

Armoede kan veroorsaak word deur onregverdigheid van ander mense / werkgewers / owerhede, deur swak opvoeding / onderrig van ouers / skole, deur natuurrampe, oorloë of siekte wat nie iemand se direkte skuld is nie, of deur luiheid, slordigheid of verkwisting van die person of koswinner self. Die eerste geval vereis bekering en regstelling, die tweede en derde geval vra samehorigheid en die vierde geval vereis aansporing en opvoeding. Maar wat ook al die oorsaak van die armoede is, daar word ondersteuning en daadwerklike hulp benodig van geloofsgenote. Armes het die reg op hulp in hul verknorsing, wat dit ook al veroorsaak het.

Maar ons het ook 'n inherente plig om die armes te help. Die eerste rede vir hulp aan ons geloofsgenote, maar ook aan ons medemense, vind ons in ons afstamming, waar ons glo dat alle mense uit dieselfde voorouers kom, wat God na sy ewebeeld geskep het. Die tweede rede kom uit die ervaring van die groot genade van God, wat ons sonder enige verdienste van ons kant uitgered het uit die geestelike ellende en armoede waarin ons uit ons eie wil geval het, en uit Jesus Christus wat sy lewe vir ons opgeoffer het om ons vir ewig ryk te maak. Die gereformeerde dogma van "sola gratia", verlossing uit genade, is 'n baie sterk motivering om ander te help om uit hul armoede op te staan. En derdens kom die rede om armes te help uit die erkenning dat ons alles wat ons besit, ontvang het van God as rentmeesters. Ons het niks self in die wêreld gebring nie, ons gawes en talente het ons van God gekry om as rentmeesters daarmee te werk.

Volgens Keller gee Bybelse geregtigheid die armes dus die reg op verligting van hul armoede, terwyl God se genade in hul eie lewe gelowiges van binne uit verplig om armes te help. Hierdie "reg en plig" moet saamwerk tot eer van God.

Praktiese hulp

Daar is drie vlakke van armoede-verligting, sê Keller: verligtingshulp, ontwikkeling en strukturele verandering. Hy haal voorbeelde aan van inspannings in die VSA om die swart gemeenskappe uit hul armoede te lig. Die gevolgtrekking is dat regeringshulp alleen nie voldoende is om die opheffingswerk te doen nie. Die werk moet gelyktydig op drie fronte gedoen word: sosiale hervorming, ekonomiese ontwikkeling en kragtige evangelisasie binne gemeenskappe en met hulle ondersteuning van binne uit. Volgens Keller kan die verbreiding van die evangelie, die verkondiging van God se vrye genade, nie losgemaak word van sosiale geregtigheid nie, hulle vorm 'n onlosmaaklike eenheid.

Daar moet egter wel onderskei word wat die taak van die kerk en wat die taak van die gelowiges is. Volgens Keller is die taak van die kerk om die evangelie uit te dra en om noodhulp te verleen waar dit op haar pad kom. Evangelieverkondiging kom deurgaans vanuit een of meer kerke wat 'n evangelis of sendeling uitstuur. Sosiale hervorming en ekonomiese ontwikkeling is 'n te groot taak vir die kerk as instituut, wat deurgaans nie die kundigheid, die mannekrag of die hulpbronne vir hierdie werk beskikbaar het nie. Op hierdie vlak moet die gelowiges in verskillende kerke, wat dieselfde roeping voel, met mekaar saamwerk. Hulle kan selfs met ongelowiges saamwerk wat dieselfde doel nastreef (Keller verwys hierby na die leer van die "algemene genade" van Kuyper). Maar Christene moet dan wel die vryheid behou om te praat oor hul Christelike motivering, sonder om regstreeks te evangeliseer.

Ons het ook 'n inherente plig om die armes te help.

Dit is belangrik dat mense in arm gemeenskappe self bepaal hoe hulle op kort termyn gehelp en op lang termyn ondersteun kan word om hulself te help. Dan bly daar vrae genoeg oor by die wat hulp verleen, soos: hoeveel en in hoeverre moet ons help, vir wie presies moet ons help, wat is prioriteite, wat is die voorwaardes vir hulp, op watter maniere moet ons help, ens. Dit vra goeie besinning.

Dit is verblydend om op te merk dat van ons kerke en broers en susters al op ‘n hele aantal maniere betrokke is by armoedeverligting, opheffingswerk en sosiale verbeterings in gemeenskappe in ons land. Maar ons kan gerus ons inspannings vermeerder, in samewerking met gelowiges binne eie kerkverband, maar ook met ander organisasies, soos met nasionale of internasionale en kundige Christelike organisasies soos *De Verre Naasten*.

Ons kan ook tot die gevolgtrekking kom dat die *Belhar-belydenis* ‘n te sterk roeping aan die kerk opdra om op te tree teen strukturele armoede en ongeregtigheid. Die profetiese roeping, teenoor die owerhede en maatskaplike strukture wat verkeerd is, moet wel daar wees, maar daadwerklike optrede moet berus by gelowiges. Die kerk se primêre roeping is om die evangelie te verkondig. Dit vorm die onmisbare basis vir sosiale opheffingswerk wat gelowiges saam moet aanpak, uit dankbaarheid vir hul eie verlossing.

Hans Moes *is lid van die VGK Kaapstad*

As ek hoofstuk 13 eerste sou gelees het

Resensie: Christelijke Dogmatiek

Boekbespreking

In Oktober 2012 het daar ’n nuwe boek oor dogmatiek in Nederland verskyn. Die skrywers is dr G. van den Brink en dr C. van der Kooi. Die titel is: *Christelijke Dogmatiek*. Dit was ’n groot gebeurtenis waaraan baie aandag gegee is. Hierdie dogmatiek is gepresenteer as ‘lojaal aan die ortodoksie’, p. 13. Nogtans wil dit ook oopstaan vir alle vrae wat vanuit die wêreld van vandag gevra word. Die wêreld van die 21ste eeu.

Is dit ’n dogmatiek wat ons in die plek van dié van Heyns of dié van Genderen en Velema kan gebruik? Is hierdie dogmatiek ’n goeie plaasvervanger en help dit ons verder? Dis belangrike vrae waarop ek die begin van ’n antwoord wil gee. Ek formuleer dit met opset so versigtig omdat dit hier om ’n eerste leeservaring gaan. Op baie punte kan ek nie nou ingaan nie. Dit is ook nie moontlik om diep in te gaan op allerhande dinge in hierdie dogmatiek nie. Die naam van hierdie dogmatiek is: ***Christelijke*** *Dogmatiek*.

dr G. van den Brink en
dr C. van der Kooi
Uitgeverij Boekencentrum
€ 65.00
722 bladsye

’n Opmerking by die titel van hierdie resensie

’n Mens is dikwels geneig om in ’n oorsig van die Christelike leer eers te kyk wat oor die Bybel en die gesag van die Skrif geskryf word. Dit is baie keer beslissend vir die inhoud van die dogmatiek. Die hoofstuk oor die Bybel en die

> Die Bybel en die gesag van die Skrif is dikwels beslissend vir die inhoud van die dogmatiek.

gesag daarvan in hierdie boek is hoofstuk 13. Die 13de van 16 hoofstukke. Ek het besluit om hierdie hoofstuk nie eerste te lees nie. Om die skrywers in hulle betoog te volg. Sekere van my kollegas wat ook besig was om hierdie boek te lees, het gesê: “Rob lees hoofstuk 13 eerste”. Ek het daarteen besluit en gesê dat hulle ook nie vir my moet vertel wat daarin staan nie.

Ek is bly dat ek dit so gedoen het. As ek hoofstuk 13 eerste sou gelees het, was die kans baie groot dat ek nie die hele boek sou gelees het nie. Dan was die teleurstelling dalk so groot dat ek moontlik met groot moeite die ander dele sou gelees het. ’n Mens hoop op ’n dogmatiek in die Nederlandse en Afrikaanse taalgebied waarin vanuit die onfeilbare Woord van God die hele leer in die huidige wêreld gepresenteer word. Waarin juis vanuit ’n diepe kennis van die Woord die gees van die tyd beoordeel word en God se kerk die pad gewys word. Waarin mense magtig in die Skrifte vanuit die Skrif as die suiwer stem van God perspektiewe vir Christus se kerk in die 21ste eeu

open. Onder andere op hierdie punt is hierdie boek vir my 'n teleurstelling. Ek is nogtans bly dat ek hierdie boek gelees het. Ek kom sowel op die kritiek as op die waardering in die vervolg terug.

Waardering

Van den Brink en Van der Kooi is deskundiges. Hulle het dit in vroeëre publikasies van hulle hand al gewys. Hulle doen dit ook in hierdie boek.

Een van die groot verdienstes van hierdie boek is dat hierdie twee skrywers weet wat aangaan op die terrein van die dogmatiek. Hulle ken ook baie goed die gees van ons tyd. Hulle gee vir jou mooi oorsigte van hoe oor allerhande dinge wat by die Christelike leer behoort, in kerke gedink word en wat die invloed daarvan is. Ons kan daarvan baie leer. Op hierdie punt is die boek 'n verryking as jy dit met o.a. Heyns en Genderen/Velema vergelyk.

'n Ander punt wat ek as baie positief wil aanwys, is die manier waarop hulle dinge beskryf. Hulle doen dit so dat nie een of ander teologiese 'geheimtaal' geskryf word nie. Nee, hulle probeer om die dinge so te beskryf dat nie net teoloë dit kan lees en verstaan nie. Ek meen dat hulle baie goed daarin geslaag het om die dinge so op te skryf dat dit vir baie mense verstaanbaar is. Dit is iets om baie dankbaar voor te wees.

Ek wil ook my waardering daarvoor uitspreek dat Van den Brink en Van der Kooi die Christelike leer vanuit die geloof wil beskryf. Dit is nie so dat hulle op 'n wetenskaplike manier 'n baie afstandelike beskrywing van die Christelike leer gee nie. Hulle is as mense daarby betrokke. Jy merk dit in die manier waarop hulle skryf. Ek gee hier 'n voorbeeld van die betrokkenheid en die helderheid wat in hierdie dogmatiek deurklink: "Dit is daarom eintlik te skraal gestel wanneer ons die tyd vanaf Pinkster tot die wederkoms 'n tussentyd sou noem. Hierdie woord kan immers die indruk wek dat ons bestaan maar net 'n soort interim vorm, 'n wagkamer vir die ewigheid. By so 'n benaming klink die aktiewe verwagting waartoe Jesus self in sy gelykenisse die leerlinge opgeroep het, te min deur. Die gelykenis van die vyf verstandige en die vyf onverstandige meisies (Matt 25:1-13) en dié van die talente (Matt 25:14-30), wat volg op die rede oor die laaste dinge (Matt 24), laat ons sien waartoe die hoorders van die evangelie aangespoor word: waaksaamheid. Nie 'n lewe van slaperigheid, verveeldheid en tydverdrywe nie, maar 'n lewe van aktiewe verwagting en konkrete gehoorsaamheid. Volgens Nuwe Testamentiese begrip lewe ons nou in die laaste dae op pad na die voleinding. Hierdie eskatologiese bewussyn het na Pase nie verdwyn nie, maar is deur die ervaring van die Gees eerder nog meer versterk. Die tyd waarin ons lewe is gestempel deur die feit dat God sy Heilige Gees uitgestort het op sy leerlinge wat almal eendragtig bymekaar was (Hand 2:4) en dat Hy hulle so bekragtig het met die oog op hul roeping in die tyd", p. 650 (vertaal).

> Die skrywers weet wat aangaan op die terrein van die dogmatiek. Hulle ken die gees van ons tyd. Hulle skryf duidelike taal. Hulle beskryf die Christelike leer vanuit die geloof.

Nogtans

Tog is daar by my 'n duidelike nogtans. Hierdie Christelike dogmatiek bring ons min of meer tot 'n soort midde-ortodoksie. 'n Posisie waarin ons as Christene ons nie volledig aan die Woord van God oorgee nie, maar ook die wêreld en die wetenskap so laat saampraat dat meerdere kere die Woord van God gesag moet inboet. Die verlossing deur Christus staan vas, maar verder word daar tog baie ruimte gelaat. Meer ruimte as wat die Gees ons deur die Woord gee. Jy sien in hierdie Dogmatiek dan ook dat die belangrikste gespreksgenote – dikwels ook in positiewe sin – is: Karl Barth, Hendrikus Berkhof en Berkouwer.

> Maar... hierdie Christelike dogmatiek bring ons in 'n posisie waarin ons as Christene ons nie volledig aan die Woord van God oorgee nie, maar ook die wêreld en die wetenskap so laat saampraat dat meerdere kere die Woord van God gesag moet inboet.

Ek gee hieronder enkele voorbeelde van wat ek hierbo as tipering gegee het.

a. As dit om die skepping gaan, word nie bely dat Adam die eerste mens was nie. Daar word ook nie daaraan vasgehou dat die twee eerste mense wat die HERE geskep het en wat van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het, Adam en Eva is nie. Vir Van den Brink en Van der Kooi is die Bybel hier nie beslissend nie, maar die huidige wetenskaplike teorievorming. Hulle wil daaraan vashou dat die HERE die mens goed geskep het en die sonde daarna gekom het. Hulle beskryf die proses van die sondeval dan so: "Wanneer ons volhou dat skepsel-wees en sondaar-wees in die mens nie saamval nie, beteken dit dat ons moet vashou aan de idee van die sondeval. ……. Hedendaagse wetenskaplike teorievorming oor die ontstaan van die menslike soort maak dit nie eenvoudig, maar ook nie onmoontlik nie om 'n derglike historiese sondeval voor te stel. Die 'monogenetiese hipotese', waarvolgens die menslike soort teruggaan na 'n enkele menslike paar, moes die onderspit delf teen

die ‘poligenisme’: die oorspronklike bevolking het op die oog af uit ten minste ongeveer 5 000 tot 10 000 mense bestaan. Hulle het egter wel ‘n gemeenskaplike biotoop en ‘n gemeenskaplike goddelike bestemming gedeel (vgl. Rahner 1967). Met die bewuswording van hierdie bestemming het ook die moontlikheid ontstaan om willens en wetens daarvan af te wyk. Hierdie verdwyning van die eerste ‘ware’ mense uit God se bedoelings as gevolg van die keuse om op eie bene te wil staan en hom te laat lei deur dierlike drifte in plaas van deur goddelike roeping, is volgens ons die kern van die menslike sondeval waaroor Genesis 3 met sulke kragtige beelde praat”, p. 277-278 (vertaal). Hier word ‘n knieval vir menslike wysheid gedoen wat heeltemal in stryd kom met die skepping van die eerste twee mense en die sondeval deur hierdie twee mense. Sien ook Romeine 5. Ek verwys hier na J.P. Versteeg: *Is Adam in het Nieuwe Testament een leermodel?* en na wat ek self geskryf het in: *Kan ons nog aan Adam en Eva glo?*

b. ’n Tweede voorbeeld is hoe Van den Brink en Van der Kooi self oor die Skrif skryf. Oor daardie hoofstuk sou baie in kritiese sin geskryf kon word. Van den Brink en Van der Kooi pleit vir ’n teologiese interpretasie van die Bybel. Dit beteken dat die kerk erken dat dit in die Bybel om God en sy verlossing deur Christus gaan. Maar daarby kan jy ook gebruik maak van metodes wat krities staan teenoor dit wat die Bybel presenteer as geskiedenis wat werklik gebeur het en mag jy ook gebruik maak van allerhande metodes wat nie uitgaan van die gesag van die Skrif as die Woord van God nie. Dit is ook opvallend hoe min die Bybel in hierdie hoofstuk die Woord van God genoem word. Dit is ook baie opvallend dat daar in die hele hoofstuk oor die Skrif nie een keer die volgende Woord van die Gees genoem word nie: “Terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif ‘n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.” 2 Petrus 1:20-21

Ek moet, vanweë die ruimte wat aan my toegestaan is, afsluit, terwyl ek nog baie sou wou skryf. Hierdie *Christelijke Dogmatiek* is prinsipieel geen waardige opvolger van Heyns of van Genderen/Velema nie. Hierdie boek is wel ’n gebeurtenis wat ons daarby bepaal dat vir die gereformeerde teologie in die Nederlands-Afrikaanse taalgebied nog ’n groot taak wag. ’n Dogmatiek wat vanuit die diepe eerbied vir die Skrif, wat in en oor alles gesaghebbend is omdat dit die Woord van God is, met inagneming van die 21ste eeu die leer van die Skrif presenteer. Dit sou goed wees as ’n kongres of ‘n boek deur gereformeerde teoloë wat so werk, elke hoofstuk van hierdie boek sou verwerk en daarop sou reageer. Ek sou graag deel daarvan wou wees. Om mekaar so te stimuleer om Christus se kerk in die 21ste eeu met ’n duidelike boodskap te wees.

***Ds Rob Visser**, predikant van die Gereformeerde Kerk (Vrijgemaakt) Dronten-Noord, Nederland*

Biografie van die twee skrywers:

Dr G van den Brink

Hy het teologie aan die universiteit Utrecht, Nederland gestudeer. Hy is besonder hoogleraar “Theologie van het Gereformeerd Protestantisme” aan die Protestantse Theologische Universiteit vestiging Amsterdam en doseer dogmatiek aan die fakulteit Godgeleerdheid van die Vrye Universiteit te Amsterdam.

Prof dr. C. van der Kooi

Hy het teologie aan die Vrye Universiteit in Amsterdam, Nederland gestudeer.Hy is hoogleraar “Westerse systematische theologie” aan die Vrye Universiteit te Amsterdam, tewens is hy direkteur van die 'Centre of Evangelical and Reformation Theology'.

Luther se woonkamer

Soos dit gewees het hou nog alles stand.
Oor hierdie vloerplank het sy voet gegaan.
Die deure met die ysterslotte aan
het hy gegrendel met sy ferme hand.

Hy het geleun teen hierdie wandbeskot,
en, neergedruk, deur hierdie raam gekyk
hoe kleurig dat die hemel buite pryk.
En hier’t op hom gewag die sterflingslot.

Ou waarheid, maar hoe swaar die skemer-uur
van my gepeins! Die huis is vol … en leeg,
omdat hy nie meer langer hier beweeg,
die rysig-stoere Luther-kragfiguur

Totius (1939)

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel: 012 332 0127
Faks: 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (tel: 012 335 9134)

Redaksie:
Douwe Drijfhout (eindredakteur)
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Bladuitleg:
Ilze van Houwelingen

Taalversorging:
Magriet de Mooij en Marijna Bijker

Webmeester:
Willemien Kleijn

Redaksieadres:
19de Laan 560
Rietfontein, 0084
E-pos: kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Kompas, Capitec **Pretoria Jacaranda**
Takkode: 47 00 10
Rek nr: 132 884 5972
Tjeks moet asb. uitgemaak aan L. Ros. Onthou asb. om u lidnommer waar moontlik te gebruik by betalings.
Betaalbaar voor/op 28 Feb 2013 asb.

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos: R60
RSA per hand: R120
RSA per pos: R160
Buiteland per e-pos: €10
Buiteland per seepos: €30
Buiteland per lugpos: €40

http://kompas.vgk.org.za/

Intekening moet asseblief skriftelik gekanselleer word. Kompas is nie aan kopiereg onderhewig nie.

Boekenuus

Die genade van gehoorsaamheid – Johan Cilliers – prys R 60.00
Hierdie boekie is deel van 'n trilogie oor die prediking van die evangelie van genade. Die verhaal (want die boek lees soos 'n storie) draai rondom die ou maar half vergete waarheid dat alle preke maar net kan opkom uit die prediker se eie verwondering oor God se genadige verlossing van die mens uit sonde en tot dankbaarheid....

The living church – John Stott – prys R 115.00
What exactly is a living church? John Stott explains: "We need more radically conservative churches: 'conservative' in the sense that they conserve what Scripture plainly requires, but radical in relation to that combination of tradition and convention that we call 'culture'. Scripture is inchangeable, but culture is not."

Every day church – Tim Chester & Steve Timmis – prys R170.00
Many of our approaches still assume a Christian mentally. We expect people to come to us when we put on a good church service. We need to meet the unchurched where they are, in the context of everyday life, shifting the focus from putting on attractive events to creating attractive communities. Allow this book, with its focus in Peter's first letter, to change your expectations and your thinking.

Tijd voor genade – Terry L. Johnson – prys R219.00
Genade? Leef vanuit die genade: eintlik sou jy dit wel wou doen, maar baie keer werk dit net nie. Daar is so baie dinge wat jou aandag daarvan aftrek. Dikwels het jy nog so baie vrae. Wie is God? Waarom laat Hy die kwaad toe? Is ek wel regtig 'n kind van God? In 'Tijd voor genade' gaan die skrywer in op hierdie tipe vrae. Hy wys vanuit die Bybel dat die boodskap van genade juis die fundamentele punt is! Deur alles wat Christus vir jou gedoen het, mag jy nou as sy verloste kind lewe. Jy moet dit ontdek! Dit maak regtig díé verskil as jy leef vanuit die genade: God gee jou dan die uiteindelike vrede, troos en dankbaarheid.

Belijdende kerk blijven – red. ds. H.W. van Egmond – prys R 198.00
'Een kerk die leeft, belijdt – een kerk die belijdt, leeft'. In hierdie boekie word aandag gegee aan die belang van die belydenis van die kerk, omdat die gereformeerde leer in meerdere mate onder druk te staan kom. In die hoëpriesterlike gebed (Johannes 17) pleit Christus self as Hoof van die kerk van alle eeue op God se verlossende geregtigheid. Dit openbaar hom in die weg van kennis en die belydenis van sy Naam. Die pad na die groot toekoms is die weg van prediking en belydenis: "heilig hulle in U waarheid; heilig hulle in kennis". Christus bid nie vir 'n kerk wat nie 'n belydenis het nie, maar vir 'n kerk wat bewaar wat haar toevertrou is en in die leer bly (1 Tim. 6:20). Die verhoring van hierdie gebed bind die kerk van vandag aan die getuienis van die apostels; die getuienis spreek die kerk na in haar belydenis.

Vir enige navrae, skakel gerus Petrie Eefting
Proteaweg 95
Proteahoogte, Brackenfell
tel. 021 982 1402
e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

FOLMER BOEKHANDEL

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van KOMPAS:

8 Oktober 2013

Artikels moet na die volgende adres gestuur word: kompas@vgk.org.za